

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Efesiërs 2 vers 10

Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het

Kortpad Deurdankoffer vir [MTR Smit Kinderoord](#) Teebeurt: Pronkertjie sel

| | | | |
|----------|---------------|--|---|
| 28 April | 08h30 | Eietydse diens | Kleuterkerk |
| 28 April | 09h45 | Kategese | |
| 28 April | 10h00 | Klassieke diens | |
| 28 April | 13h30 | Die 'Jesus March' vanaf King's Beach na Something Good | |
| 01 Mei | 08h00 | Kermis pretstap / draf 5km (R30.00 pp) | |
| 01 Mei | 08h30 – 13h00 | Kermis | |
| 01 Mei | 10h00 | Klikkerland | in die kerkgebou. Kaartjies is aanlyn beskikbaar. |

Nog belangrike datums

[Kommunikamma 28 April 2019](#)

Saam op pad vir Christus

Kermis 2019

Ons gaan hierdie week kermis hou. Die volgende tafels soek dringend na nog [helpers en items](#): gebak, kleinkoekies en beskuit, potjiekos en die koffiewinkel. Hier is die nuutste [lys van benodigdhede](#) en [die vloerplan](#).

Sake vir gebed

Ons dank ons Hemelse Vader vir die Lydensweek- en Paasnaweekdienste waar ons geestelike versterk kon word. Ons bid vir Sri Lanka waar daar nou baie geweld en onrus is. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: Besoek aan die Midde-Ooste

Janine en Therese besoek die Midde-Ooste vanaf 24 April om vrouens te gaan bemoedig. Jy kan [deel wees van hierdie reis](#) deur saam te bid. Indien jy betrokke wil raak, kontak gerus There4-Bedieninge se kantoor by 041 360 1946.

Gebedsversoek vir Maldives

Bid vir [wonderlike bonatuurlike geleenthede](#) vir die mense van die Maldives om die Evangelie te hoor. **Foto**

Kraggakamma Webbediening

Kom raak betrokke by die [Webbediening](#) - kies waar jy jou talente en vaardighede wil aanwend:

Terugvoering van jou diensterrein/kleingroep

Geestelike 'padkos'

Taalversorging

Fotogalery

Grens.Pos/ABC/FEBA Radio se gebedsversoeke en e-nuusbriewe

Samestelling van kuberkamma

Bepanning en onderhoud van webwerf saam met webmeester

Let wel: Geen kennis van programmering is nodig nie – slegs die vaardigheid om e-pos te ontvang en te stuur plus entoesiasme vir die Webbediening elke dag.

ePos kuberkamma@ngkraggakamma.co.za vir meer besonderhede.

Fonteinvriende Vrugtefees 11 April 2019

Bloemendal en Sherwood het die Fonteinvriende se vrugtefees die 11de April saam met hulle kom vier. Die Fonteinvriende het onder andere Humpty Dumpty en Die Drie Varkies opgevoer. Die besoekers het ook verskeie items gelewer wat bygedra het tot 'n verrykende en lekker saamkuier-oggend. [Foto's](#)

FEBA Radio se Nuusbrief

Die sikloon Idai wat Mosambiek naby die kusstad Beira getref het, is die sterkste sikloon wat nog in die Suidelike Halfrond aangeteken is. Volgens verskeie verslae is byna een miljoen mense verplaas, vasgevang in afgesonderde gebiede of beseer. Gesondheids- werkers waarsku dat gevalle van cholera, malaria en respiratoriese siektes waarskynlik sal toeneem. Die skade aan landbougewasse, wat in die komende dae tot wydverspreide hongersnood kan lei, is ook 'n groot bekommernis. Radio FOT probeer hul luisteraars aanmoedig om God te vertrou en nie op hul omstandighede te fokus nie en bestuur 'n veldtog wat noodvoorraad insamel. [FEBA Radio se Nuusbrief vir April 2019](#) Foto

***Padlang:* Op my lewensreis sal niemand my onderkry nie**

Die ergste seerkry wat 'n mens kan beleef, kom gewoonlik deur die toedoen van ander mense. Hierdie seerkry-ervarings het die vermoë om die slagoffer in slawekettings toe te wikkell en al hulle vreugde in die lewe te steel. So baie mense dra vir jare lank swaar aan die bondel seer van hulle verlede. [Op my lewensreis sal niemand my onderkry nie.](#)

***Padkos* Hart eerste**

"The heart wants what it wants" - so het Selena Gomez se trefferlied van 2014 geklink. In elk geval sy is reg. Ons almal dink met ons hart. Solank as wat ons meen dat slegs die regte soort kennis genoeg is om mense te skuif of te verander, gaan die wêreld dieselfde bly. Ons almal dink heel eerste met ons emosies. Studie op studie bewys dit. Ons weet intuïtief hoe ons voel oor dinge. Daarom dat dit so belangrik is om mense se gevoelens aan te spreek wanneer lewensverandering ter tafel is. Ons hart is immers die setel van ons wil en van ons diepste emosies. So leer die Bybel ons ook. Daarom dat ons ons hart baie goed moet oppas, want dit is die oorsprong van lewe en dood. So leer Spreuke 4 vers 23: Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. Die Here roep ons op om Hom ook met ons hart lief te hê, nie net met ons verstand nie. Ons hart moet warm klop vir die Here. Ons geloof moet ons wil, ons denke, maar ook ons diepste emosies roer en verander. Dan kry ons hart regtig wat dit wil hê! Dan kry ons God se vrede wat die hart en die verstand te bowe gaan.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

kubergroete tot volgende keer

[2019-04-28]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.

www.getsnapscan.com